**PERSVERKLARING VIR BESTMED**

Bestmed Mediese Skema is verbind tot goeie korporatiewe bestuur.

Die Raad vir Mediese Skemas (CMS) het die Skema op Donderdag 13 November 2014 meegedeel dat nege lede van Bestmed se huidige Raad van Trustees met onmiddelike effek uit hul amp verwyder word.

Alhoewel hierdie lede van die Raad van Trustees verwyder is, maak die geregistreerde Reëls van die Skema daarvoor voorsiening dat die vakatures dadelik deur die oorblywende lede van die Raad gevul mag word. Die Raad is opnuut saamgestel en is ten volle operasioneel. Die Raad sal gedurende die week van 24 November 2014 vergader om 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en lede van die wetlike komitees te verkies.

Dries la Grange, die Uitvoerende Hoof van Bestmed, het soos volg op die CMS se beslissing gereageer: "Die CMS het in 2011 'n roetine inspeksie by Bestmed uitgevoer. Die Skema het sedertdien gewillig en aktief met die CMS geskakel om die bekommernisse wat tydens die inspeksie geopper is en die voorskrifte wat uitgereik is, aan te spreek. Aangesien die CMS daarna vir etlike maande nie weer met die Skema hieroor in kontak was nie, is aanvaar dat al die kwessies opgelos is. In die lig hiervan is die CMS se optrede op 13 November vir ons teleurstellend, veral indien daar in ag geneem word dat drie jaar reeds verloop het sedert die aanvanklike roetine-inspeksie uitgevoer is. In hierdie omstandighede vind ons dit onbehoorlik dat sulke drastiese stappe nodig geag is, sonder dat die betrokke Trustees enigsins gekontak is."

Wat nou veral kommerwekkend is, is dat dit onder ons aandag gekom het dat die CMS inligting oor hierdie stap aan die publiek uitgereik het wat onder meer ernstige onjuisthede bevat rakende die bedrae wat na bewering onbehoorlik spandeer is, en geen melding maak van die feit dat geld teruggevorder is in gevalle waar die Skema se Raad en Bestuur van mening was dat dit nodig was om ons lede se belange te beskerm nie.

Die Skema het hierdie aangeleenthede in 2012 en weer in 2014 by die AJV aan lede gerapporteer.

Bestmed se huidige status is dié van 'n skema met 'n gesonde risikoprofiel, streng bestuur, wat spog met van die laagste administrasiekoste in die bedryf en met meer as voldoende reserwes. Die jaarlikse premieverhogings was voorts die afgelope drie jaar in die laagste kwartiel van die medieseskemabedryf. Ons lede kon nog altyd danksy die streng bestuur van die Skema se nie-gesondheidsorguitgawes sien dat hulle bydraes nie vermors word nie maar doeltreffend aangewend word om die Skema so te groei dat alle lede daarby baat.

Al hierdie prestasies is moontlik gemaak deur 'n bekwame en sorgsame Raad van Trustees, asook die Skema se Uitvoerende Bestuur en personeel.

Ten einde die Skema se korporatiewe bestuur te versterk, is nuwe beginsels vir die aangaan van bemarkingsuitgawes tydens die AJV in 2014 voorgelê, wat die lede met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur het. Dit was weereens 'n stap wat deur dieselfde Raad van Trustees geneem is.

Bestmed het dringende regsaksie teen die Raad vir Mediese Skemas ingestel.

Block A, Glenfield Office Park
361 Oberon Avenue, Faerie Glen
Pretoria, 0081, RSA
PO Box 2297
Pretoria, 0001, RSA

Blok A, Glenfield Kantoorpark
Oberonlaan 361, Faerie Glen
Pretoria, 0081, RSA
Posbus 2297
Pretoria, 0001, RSA

Reg no. 1252
Client service/Kliëntediens 086 000 2378
Fax/Faks +27 (0)12 472 6500
E-mail/E-pos service@bestmed.co.za
www.bestmed.co.za

©Bestmed Medical Scheme 2014
Bestmed Medical Scheme is an Authorised Financial Services Provider (FSP no. 44058)